# 7

# DIE KERK VAN CHRISTUS GROEI

## *Die evangelie van Jesus Christus laat sy liggaam (die kerk) groei en beweeg*

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders leer dat die kerk van Jesus Christus vinnig groter geword het omdat meer en meer gemeentes ontstaan het.

### SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

**Kennis**

Die kinders moet weet –

- dat Paulus drie sendingreise onderneem het en waar hy oral aangedoen het.

**Gesindheid**

Die kinders moet dankbaar wees –

- dat God sy kerk laat groei het; en
- dat ons gemeente vandag bestaan omdat die eerste gemeentes aangehou verkondig het wie Jesus is.

**Vaardigheid**

Die kinders moet self ook iets doen om die kerk te laat groei.

### MEER INLIGTING

Ons lees in die boek Handelinge in die Nuwe Testament hoe die apostels die Heilige Gees ontvang het.
Daarna het hulle begin om die boodskap oor Jesus se opstanding te verkondig.
Die Romeinse regering en die Joodse Raad het probeer om die boodskap oor Jesus stil te maak.
Tog het meer en meer mense die boodskap van Jesus se opstanding gehoor en geglo.
Die gemeente in Jerusalem het vinnig gegroei.
Die eerste diakens is gekies om die armes te versorg.

Een van hierdie diakens, Stefanus, is deur die Joodse Raad oor sy geloof met klippe doodgegooi.
Baie van die ander gelowiges het na ander lande en stede gevlug.
Hulle het oral waar hulle gekom het, van Jesus se opstanding vertel.

Daar was 'n Joodse man met die naam Saulus.
Hy het gelowiges gevange geneem om die boodskap oor Jesus stil te maak.
Hy wou in Damaskus nog gelowiges gaan vang.
Op pad na Damaskus het sy lewe ingrypend verander.
Saulus is bekeer nadat die Here hom geroep het.
Hy het dadelik begin om ook te verkondig dat Jesus Christus die Here is.
Sy naam het na Paulus verander.
Handelinge vertel dat Paulus uiteindelik drie sendingreise onderneem het.
Hy het oral met mense oor die boodskap van Jesus gepraat.

Paulus se **eerste sendingreis** (46-48 nC) het in **Seleukië begin**.
Hy is toe saam met Barnabas na die eiland **Siprus** toe en het in **Salamis** gepreek.
Hulle is toe na **Pafos**, aan die ander kant van die eiland.
Daarna is hulle met 'n skip na **Perge**, en daarvandaan na **Antiogië in Pisidië**.
Vandaar is hulle na **Ikonium** en **Listra**, en daarna na **Derbe**.
Van **Derbe** het hulle weer teruggegaan na **Listra** en **Ikonium en Antiogië (Pisidië)** om die gelowiges te bemoedig.
Hulle het in elke gemeente ouderlinge gekies.
Paulus en Barnabas is toe weer na **Perge**, en daarvandaan na **Attalië**.
Vandaar het hulle met 'n skip teruggegaan na **Antiogië in Sirië**, waar hulle reis begin het.

Die **tweede reis van Paulus** (49-52 nC) het weer by **Antiogië in Sirië** begin.
Hulle het op land na **Tarsus** gereis, en daarna na **Derbe, Ikonium en Listra**.
Daarna het hulle hulle reisplanne aangepas en na die hawestad **Troas** gereis.
Van Troas af het hulle na **Neapolis in Masedonië** gevaar.
Daarvandaan is hulle na **Filippi**, waar hulle in die tronk beland het.
Nadat hulle wonderbaarlik ontsnap het en vrygelaat is, het hulle deur **Amfipolis en Appolonië na Tessalonika** gereis.
Na 'n oproer is hulle na **Berea** gestuur.
Daarvandaan het Paulus na **Atene** gereis en vir Silas en Timoteus gewag.
Paulus het daarna na **Korinte** vertrek en vir 'n jaar en ses maande daar gebly.
Paulus het by **Kenchreë** aan boord gegaan en **per skip na Efese** gereis.
Daarvandaan is hy na **Sesarea en Jerusalem** om die gemeente te groet.
Hy het toe weer na **Antiogië** gegaan waar hy begin het.

Paulus se **derde sendingreis** (53-57 nC) het weer by **Antiogië in Sirië** begin.
Hy het weer op land na **Tarsus** en toe **Derbe** gereis.
Vandaar is hy weer deur **Listra, Ikonium en Antiogië (Pisidië) na Laodisea**.
Daarna is hy na **Efese**.
Vandaar het hy die gelowiges in **Smirna, Pergamum en Assus** besoek.
Daarvandaan is Paulus en sy reisgenote per skip na **Mitilene** tot regoor die **eiland Chios**.
Die volgende dag het hulle **Samos** bereik, en na nog 'n dag **Milete**.
Paulus het die ouderlinge van Efese daar in Milete toegespreek, en verder gereis na die eiland **Kos**.
Die volgende dag het hulle **Rodos** bereik, en daarvandaan by **Patara** aangekom.

Hulle het aan die **onderkant van Siprus** verbygevaar na **Tirus**, waar die skip sy vrag moes aflaai.
Paulus-hulle het ’n paar dae daar gebly en na **Ptolemaïs en Sesarea** gegaan.
Die gelowiges het hom afgeraai om daarvandaan na **Jerusalem** te gaan, maar hy het dit uiteindelik gedoen ter wille van die boodskap van Jesus Christus.
Paulus is daar gevange geneem, en hy is kort daarna **as ’n gevangene na Rome** geneem.

Paulus se **reis na Rome** het in **Sesarea** (57 nC) begin.
Daarvandaan is die skip na **Sidon**, waar Paulus toegelaat is om sy vriende te besoek.
Die skip het toe **bolangs verby Siprus** gevaar tot by **Mira**.
Daar is Paulus op ’n ander skip gesit.
Hulle het lank geneem om tot by **Knidus** te vaar, en daarvandaan het hulle suidwaarts gevaar tot by **Mooi Hawens naby Lasea**.
Ten spyte van slegte weer het die skip die tog na Rome aangepak.
Die skip het in ’n groot storm naby Malta vergaan.
Al die bemanning het veilig **op Malta** aangekom.
Na drie maande is hulle verder tot by **Sirakuse**.
Na drie dae het hulle vertrek en gevaar tot by **Regium en toe Puteoli**.
Daarna is hulle **Rome** toe sodat Paulus voor die keiser kon verskyn.

Met elke tree wat Paulus geloop het, is die boodskap oor Jesus aan mense verkondig.
Hierdie boodskap het mense se lewens verander.
Die kerk het in die hele bekende wêreld begin groei.
Paulus het in hierdie tyd baie moeite gedoen om aan te hou bid, briewe te skryf en te preek.
Hy het die Christelike gemeentes aangemoedig om te volhard in hulle geloof, ten spyte van baie moeilike omstandighede.

## AANBIEDING

### Jy het nodig

- Die Bybel.
- Prentjies van die uitkringeffek van ’n waterdruppel wat op die wateroppervlak drup. (Daar is heelwat voorbeelde op die internet beskikbaar.)
- (Opsioneel) Die groep kan selfs ’n eksperiment doen waar ’n waterdruppel op die wateroppervlak in ’n bak of emmer gedrup word.
- Die kinders se antwoorde van hulle onderhoud by die opdrag BY DIE HUIS van Les 5.
- 6 kaarte of papiere met die volgende daarop: *Stefanus sterf, Saulus word bekeer, Paulus se eerste sendingreis, Paulus se tweede sendingreis, Paulus se derde sendingreis, Paulus se reis na Rome*. Die kinders gaan hierdie kaarte of papiere uiteindelik by Les 10 op ’n tydlyn uitpak.

## KOM ONS BEGIN

Lees Gesang 474: 1, 3 en 4 as ’n gebed.

*Skeppergod, U is die Heer*
*wat die groot heelal regeer.*
*Christus aan u regterhand*
*hou u handewerk in stand –*

*U deel aan ons gawes uit*
*om die bronne te ontsluit.*

*Heer oor kuns en wetenskap,*
*U heers oor ons vakmanskap.*
*Heer oor chemie en musiek,*
*U eis orde, metodiek.*
*Leer ons alles só hanteer*
*dat ons U daardeur sal eer.*

*Heer van heerlikheid en eer*
*wat die groot heelal regeer,*
*U breek selfs die dood se mag –*
*Christus leef! Dis ewig dag.*
*U het sondaars losgekoop.*
*U is liefde, U gee hoop.* Amen.

**HET HULLE ONTHOU?**

- Kyk hoeveel kinders is in staat om die memoriseerteks van Les 5 te kan opsê: *Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God*..." (Rut 1: 16)
- Laat die kinders die antwoorde in die groep deel wat hulle by Les 5 se BY DIE HUIS in gesprek met iemand wat in hulle lewe 'n belangrike plek inneem, gehoor het.

**VANDAG LEER ONS**

**BEGIN SO**

- Wys die prentjies of doen die eksperiment van die uitkringeffek wat die waterdruppel op die wateroppervlak het.
- Bespreek die verskynsel, en verduidelik dat die klas vandag saam gaan ontdek dat die blye boodskap oor Jesus Christus op dieselfde manier van net 11 dissipels op een plek na meer en meer mense uitgekring het.

**IETS INTERESSANT**

Behandel MEER INLIGTING sonder om al die plekke waar Paulus aangedoen het, te noem.

Wys net daarop dat hy by baie-baie plekke aangedoen het en dat dit die begin was dat die boodskap oor Jesus oor die hele wêreld versprei het.

Lê eerder op die volgende klem:

- Die boodskap oor Jesus Christus het ongeveer in 33 nC uit die monde van die apostels begin versprei (soos die kringe van die waterdruppel).
- Handelinge vertel ons hoe hierdie boodskap verder en verder versprei het, al was die omstandighede baie moeilik.

- Die hartseer dood van Stefanus is eintlik ’n groeipunt vir die kerk, omdat baie gelowiges van Jerusalem af weggevlug het, en oral waar hulle gekom het, het hulle die boodskap van Jesus se opstanding vertel.
- Dit is nie nodig om hier klem te plaas op die inligting van die sendingreise van Paulus nie.

**IETS BELANGRIK**

- Die kinders gaan self by die leerdoelwitte oor die lewe van Saulus (Paulus) uitkom met die aktiwiteit wat hulle in die klas gaan doen.
- Hulle aktiwiteit van BY DIE HUIS gaan ook die inligting oor die sendingreise aan hulle kommunikeer.
- Die kinders sal by Les 10 in staat moet wees om die name en gebeure op die kaarte of papiere van Lesse 7, 8 en 9 op ’n tydlyn uit te pak.

**IETS OM TE DOEN**

Deel die klas in groepies van 2, en laat die kinders in die groepe Handelinge 9: 1-18 en Handelinge 13: 1-12 lees en die volgende aktiwiteit voltooi.

Laat hulle by die boonste sirkel in die diagram begin en saam met ’n maat soek na die antwoorde op die vrae in die teksgedeeltes wat hulle gelees het.  Laat hulle die antwoorde neerskryf in hulle boeke.

*Gespreksriglyne:*

- **Watter werk het Saulus gedoen?** Hy was ’n Joodse amptenaar wat die Christene vervolg en gevange geneem het.
- **Hoekom het Saulus na Damaskus gegaan?** Hy wou die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vroue, gevange neem en na Jerusalem bring.
- **Wat het op pad na Damaskus met Saulus gebeur?** Toe hy op sy reis naby Damaskus kom, het daar skielik ’n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en ’n stem vir hom hoor sê: *“Saul, Saul, waarom vervolg jy My?” “Wie is U, Here?” vra hy toe. “Ek is Jesus,” antwoord Hy. “Dit is vir My wat jy vervolg.  Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.”*

  Die mense wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan. Hulle het die stem gehoor maar niemand gesien nie. Toe Saulus van die grond af opstaan



en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het sy hand gevat en hom na Damaskus toe gelei. Drie dae lank kon hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink nie.

- **Wie was Ananias?** Die volgeling van Jesus wat vir Paulus die hande moes oplê sodat hy weer kon sien.
- **Hoekom was Ananias bang vir die werk wat hy moes doen?** *Maar Ananias sê: "Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het. En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep."*
- **Waarvoor het die Here Saulus gekies?** *Toe sê die Here vir hom: "Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel. Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly."*
- **Hoe is Saulus se blindheid genees?** *Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: "Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word." Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is gedoop; en hy het geëet en sy kragte herwin.*
- **Wat was Saulus se nuwe naam?** Paulus.


## BY DIE HUIS

### DOEN

Vir hierdie week se aktiwiteit gaan die kinders 4 Koki-penne van verskillende kleure benodig, verkieslik in donker skakerings. Laat hulle hulle ouers vra om hierdie aktiwiteit saam met hulle te doen.

Laat hulle die besonderhede by MEER INLIGTING oor die 3 sendingreise van Paulus asook sy reis na Rome gebruik. Hulle moet 'n kleur vir elke afsonderlike reis kies. Laat hulle die pad op die kaart trek van die Middellandse See verby elke plek wat genoem word. Hulle gaan uiteindelik 4 *paaie* in verskillende kleure op hulle kaarte sien – dit is hoe die boodskap van Jesus deur Paulus versprei is. (As hulle wil, kan hulle en hulle ouers in 'n atlas kyk wat die hedendaagse name van die plekke en streke is.)

Weet jy waar die Middellandse See is? Hier is 'n kaart wat jou wys.



**LEER**

Hierdie week se memoriseerteks is Handelinge 2: 46: *Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.*

**AFSLUITING**

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.

